



TOM NEWBY SCHOOL
TERM 2 CONTROLLED TEST

Vak	AFRIKAANS FAL	Eksaminator	MEV. L. THERON
Datum	JUNIE 2024	Totale punte	40
Graad	4	Tydsduur	1 UUR
		Moderator	MEV. X. STRYDOM

This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.

Naam:	Van:	Klas:
--------------	-------------	--------------

Instruksies:


1. Hierdie vraestel bestaan uit **VIËR** afdelings en 8 bladsye.

Vraag 1: Leesbegrip (15)


Vraag 2: Visuele geletterdheid (10)

Vraag 3: Opsomming (5)

Vraag 4: Taalstrukture en-konvensies (10)



- Beantwoord al die vrae in volsinne tensy anders aangedui.
- Neem kennis van die puntetoekenning per vraag.
- Jy word nie toegelaat om 'n woordeboek tydens die toets te gebruik nie.
- Lees jou vrae noukeurig deur en skryf jou antwoorde netjies neer.



Sterkte met die eksamen!

VRAAG 1: LEESBEGRIP

Lees “Naomi se ouma” en beantwoord die vrae wat volg.

Naomi se ouma

1 “My ouma het vir my ’n trui gebrei,” sê Susan. Lindie sê: “My ouma het vir my dié hemp gemaak. Wat van jou ouma, Naomi?” Naomi antwoord: “My ouma gee nie om wat ek dra nie.” Lindie vra: “Hoekom nie?” Susan vra: “Kan sy nie naaldwerk doen nie?”

2 “Ek weet nie. Maar sy plant mooi blomme in haar tuin,” sê Naomi.

3 Lindi sê: “My ouma bak klein koekies!” “My ouma kan ’n groot koek bak!” sê Susan.
“Wat van jou ouma, Naomi?”

4 Naomi antwoord: “My ouma bak nie, maar sy kan verf. Sy leer my om leë blikkies en eiers te verf en dit te verkoop.”

5 Susan sê: “My ouma het vir haar ’n pragtige rok gemaak.” “My ouma het vir haar ’n mooi hoed gekoop,” sê Lindie. “En wat van jou ouma, Naomi?”

6 “Wel, my ouma dra net jeans. Maar sy het vir haar groen tekkies gekoop!” sê Naomi.

7 Susan sê: “My ouma het ’n mooi geel motor gekoop.” Lindi sê: “My ouma ry net in ’n motor as iemand anders dit bestuur. Wat van jou ouma, Naomi?”

8 Naomi sê: “My ouma ry op haar fiets.”

9 “Ek en my ouma het gister gaan fliek,” sê Lindi. Susan sê: “My ouma neem my konsert toe! Wat van jou ouma, Naomi?” “Ons doen baie goed by die huis. My ouma sing en sy leer my dans!” sê Naomi.

Uit: *Naomi se ouma*, Human & Rousseau, 1995

Aantal woorde: 235

Vrae:

1.1 Wat is die **titel** van die storie? (1)

1.2 Wie is die **karakters** in die storie? (1)

_____ en _____ en _____

1.3 Waaroor praat hulle? (1)

1.4 Wat het Susan by haar ouma gekry? (1)

1.5 Wat kry Lindie by haar ouma? (1)

1.6 Is die volgende sinne **waar** of **onwaar**? (1)

Naomi se ouma gee nie om wat se klere sy dra nie.

1.7 Waarmee is Naomi se ouma besig in die tuin? (1)

1.8 Omkring die regte antwoord. (1)

Die karakters is gelukkig omdat:

- a) Hulle baie lekker lag.
- b) Hulle dinge saam met hulle oumas doen.
- c) Hulle oupas saam met hulle kuier.

1.9 **Wie** se ouma dra net jeans? (1)

1.10 Watter **kleur** is die motor wat Susan se ouma gekoop het? (1)

1.11 **Waarheen** neem Susan se ouma haar? (1)

1.12 Hoekom bestuur Lindie se ouma nie self 'n kar nie? (1)

1.13 Dink jy die karakters is gelukkig of ongelukkig in die storie? (1)

1.14 Verduidelik wat Naomi en haar ouma saam doen by die huis? (1)

TOTAAL VRAAG 1: 15 PUNTE

VRAAG 2: VISUELE GELETTERDHEID

Kyk na die advertensie en beantwoord die volgende vrae:



'n Ouma se
Liefde
is
onbeskryflik
groot



Die wêreld het **OUMAS** nodig,
want daai kleinkinders gaan nie
hulleself bederf nie.

Gedinkies van Liefde

Ek wag nou al lank!



Ouma het gesê sy gaan
my "Skype" wonder of sy
weet wat dit is!

- 2.1 Wat hou die seun met die brille vas in sy hande? (1)

- 2.2 Watter leesteken word die meeste in die teks gebruik? (1)

- 2.3 Hoekom word brille in die prente gebruik? (1)

- 2.4 Watter simbool word in die advertensie gebruik om liefde aan te dui? (1)

- 2.5 Hoe kan jy vertel dat die kinders honger is vir koekies? (1)

- 2.6 Watter deel van die liggaam benodig ondersteuning as 'n mens 'n bril dra? (1)

- 2.7 Is die kinders gelukkig of ongelukkig saam met ouma? (1)

- 2.8 Watter tegniek word in die prent gebruik om die leser se aandag te trek? (1)

- 2.9 Hoekom is die geskryf in die prent in donker print? (1)

- 2.10 Voltooi die volgende sin. (1)
Ek word bederf want

TOTAAL VRAAG 2: 10 PUNTE

VRAAG 3: OPSOMMING

Instruksies

- Lees weer die storie, “Naomi se ouma”.
 - Vul die ontbrekende woorde in die sinne in.
 - Rangskik daarna die sinne in die regte volgorde soos wat dit in die storie gebeur het.
 - Skryf die letter in die spasie.
- a. Op die einde vertel Naomi hoe haar ouma haar leer _____ en dans.
- b. _____ se ouma gee nie om wat se klere sy dra nie.
- c. Susan vertel dat haar _____ vir haar 'n trui gebrei het.
- d. Aan die begin gesels drie _____ oor hulle oumas.
- e. Susan vertel van haar ouma se geel _____.
- _____, _____, _____, _____, _____

TOTAAL VRAAG 3: 5 PUNTE

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN-KONVENSIES

Beantwoord die volgende taal vrae:

- 4.1 Skryf die volgende woorde **alfabeties** neer. (1)
tekkies konsert dans

- 4.2 Skryf die sin oor met die korrekte **hoofletters**. (1)
naomi se ouma hou van kinders.

- 4.3 Gee 'n **sinoniem** (dieselfde betekenis) vir maats. (1)
studeer _____
- 4.4 Onderstreep die **selfstandige naamwoord**. (1)
Die koeldrank is koud.

- 4.5 Gee die **meervoud** vir die volgende woord: (1)
blom _____
- 4.6 Die **vroulike** vorm vir oupa is: (1)

- 4.7 Omkring die woord in hakkies wat reg gespel is. (1)
Susan (**se** / **sê**) dat haar ouma groot koeke bak.
- 4.8 Omkring die **telwoord** in die volgende sin. (1)
Die drie kinders kuier by hulle oumas.
- 4.9 Die **antoniem** van klein is? (1)

- 4.10 Vorm 'n **samestelling** met (1)
naald + werk =

TOTAAL VRAAG 4: 10 PUNTE

GROOTTOTAAL: 40 PUNTE

**GRAAD 4 AFRIKAANS ADDISIONEEL
KWARTAAL 2 JUNIE ASSESSERING
PRESTASIE EVALUERING**

(Vir onderwyser gebruik alleenlik)

Naam en Van: _____ Klas: 4 ____

	VRAAG 1	VRAAG 2	VRAAG 3	VRAAG 4
MOONTLIKE PUNT	15	10	5	10
LEERDER PUNT				